Die terapeutiese imperatief, stories en letterkunde: ’n Repliek aan H. P. van Coller.

Philip John, *Nelson Mandela Metropolitan University, Port Elizabeth, South Africa*

The therapeutic imperative, stories and literature, a reply to H.P. van Coller.
In *Tydskrif vir letterkunde* 42 (1) gewy aan André P. Brink lewer H.P. van Coller uitvoerig kommentaar op John (2000), ’n artikel waarin ek probeer het om ’n groeiende, maar misplaaste tendens in die Afrikaanse literêre kritiek van die 1990's te problematiseer. Die belangrikste eienskap van dié tendens is die neiging by ’n aantal Afrikaanse literêre kritici om ’n geloof in die “helende krag van stories” tot skering en inslag van hul omgang met die Afrikaanse literêre werklikheid te verhef. [First paragraph]